

# St. Casimir

## 4 Maart

(1458-1483)

In sy vaderland, Pole, staan hy tereg bekend as die 'vredemaker'. Hy was die tweede seun van koning Casimir IV en van kleins af groot gemaak met die wete dat hy 'n rol in die politiek van sy tyd sou speel. Tog was hy ook van 'n jeugdige ouderdom af lief vir gebed en het sy geloof 'n belangrike rol in sy lewe gespeel. In 1471 kom die Hongaarse adel in opstand teen hul koning en versoek hulle die Poolse koning om in te gryp. Hy stuur Casimir met 'n leërmag na Hongarye met die bedoeling dat hy die wettige koning, Mattias, sou verslaan en die troon vir homself sou neem. By die grens ontvang prins Casimir egter die nuus dat pous Sixtus IV geheel en al gekant was teen dié verloop van sake. Hy maak die baie ongewilde besluit om terug te keer na Pole, waar sy woedende vader hom vir 'n ruk lank laat opsluit. Nie net weier hy om die wapens op te neem nie, maar hy lê ook 'n gelofte van selibaatskap af en besluit om sy lewe geheel en al aan sy Here te wy. Daarmee verongeluk hy ook sy vader se planne vir 'n politieke huwelik met die dogter van keiser Frederik III. Hy sterf op 23-jarige leeftyd nadat hy sy rug op oorlogvoering en die politieke gekonkel van sy tyd gedraai het.

© Die Oratorium Uitgewery